Date : September, 08 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 12

Die burgers word wakker!

'n Onvoorsiene gevolg van die ANC-regering se misplaaste planne

Henry Jeffreys

Die regering en die ANC het dit waarskynlik nie voorsien nie, maar hul misplaaste planne om die media te muilband en die vrye vloei van inligting drakonies in te perk het die burgerlike samelewing klaarblyklik uit sy slaap geruk.

Weens sy oorweldigende gewildheid het die ANC se leiers deur die jare begin glo dat hulle die alleenreg het om die aard van die demokrasie te bepaal. Ons demokrasie is egter geskoei op veel meer as partypolitieke oorheersing. Die grondwetlike argitektuur maak voorsiening vir deelname in die demokratiese proses oor 'n baie breër front as bloot die hou van gereelde verkiesings.

Ons grondwetlike landskap bestaan uit 'n konstitusionele hof as die hoogste wetlike gesag, 'n parlement vir die maak van wette, 'n opposisie om wetgewing te opponeer of te verryk, 'n uitvoerende gesag vir die uitvoer van die wette – in daardie volgorde. Hierbenewens is daar die sogenaamde art. 9-instellings soos die openbare beskermer en die ouditeur-generaal.

Die grondwetskrywers was baie duidelik dat hierdie instellings onafhanklik van die partypolitieke sfeer moet staan en optree en dat hulle net onderworpe moet wees aan die oppergesag van die Grondwet en die reg. Let wel, nie aan die verkose wetgewende of uitvoerende gesag nie. Daar kan met veiligheid gesê word dat die ervaring nie hierdie grondwetlike opdrag heeltemal weerspieël nie.

Dan is daar die burgerlike samelewing se sterk deelname, een van die kenmerke van ons grondwetskrywende proses sedert die onderhandelde skikking.

Suid-Afrika het 'n ryk tradisie van aktivisme uit die burgerlike samelewing. Die hele projek van Afrikaner-nasionalisme was 'n toonbeeld van samewerking tussen die partypolitieke sfeer en die burgerlike samelewing. Uit 'n samelewingsperspektief was dit 'n politiek eng en uiteindelik onvolhoubare verhouding wat tot dié projek se ondergang gelei het.

Aan die ander kant van die loopgraaf het 'n soortgelyke situasie ontvou en is die ANC se uiteindelike oorwinning by die stembus te danke aan die verhouding tussen die party en die burgerlike samelewing – onder die vaandel van die destydse United Democratic Front. Dié twee soorte burgerlike samelewings het een ding gemeen gehad, naamlik ideologie – die apartheidsprojek aan die een kant en die bevrydingsprojek aan die ander kant.

Dit was in albei gevalle 'n seën én 'n vloek. Organisasies uit die ou orde sukkel vandag, met enkele uitsonderings, met geloofwaardigheid, terwyl hul eertydse strydgenote dié in die nuwe orde dikwels met veragting bejeën en behandel. Vra Zackie Achmat en die TAC maar!

Die ANC het ná sy eerste sege by die stembus moeite gedoen om die burgerlike samelewing se invloed te beperk in die gees van "alleenreg" om die ganse land se toekomslot in die fynste detail te bepaal en te stuur.

Die eindresultaat was 'n verswakte burgerlike samelewing (as jy die regeringsgesinde vakbonde uitsluit) wat in die politieke sfeer tot byna totale onsigbaarheid gereduseer is. En selfs die vakbonde raak al hoe meer uit voeling met hul politieke medestryders.

Daarenteen het die beweging Solidariteit uit die wrak van Afrikaner-nasionalisme ontwaak en op slim en innoverende wyse daarop gefokus om sy lede en gemeenskappe se belange te dien – met weinig beskuldiging van neo-apartheid of rassisme.

In die afgelope staatsdiensstaking was Solidariteit se vakbonde die "kamerade" en die regering die "uitverkopers"!

Dis hoe die burgerlike samelewing werk! Dis nie geskoei op 'n enkele ideologiese idee nie – dis duisend liggies van robuuste idees in die strewe na grondwetlike oppergesag en gelykberegting.

Die land het dit nou op groot skaal nodig.